# PE HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

12 Maart 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

## IN JESUS SPORE...

## ...BY MENSE WAT SUKKEL OM TE GLO

Sondag, 12 Maart 2023

09:00 @ Hoogland

Indien jy vanoggend 'n **besoeker** is hier by Hoogland vertrou ons dat vanoggend se diens vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees.

Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is:

*Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.*

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet 'n leraar na afloop van die oggenddiens voor by die preekstoel.

Laaste kans om saam te kamp!

Volgende naweek 17 - 19 Maart 2023 te Innikloof (14 km buite Hankey).

Dagbesoekers is **baie welkom**!! Ry deur, bring jou stapskoene, pak jou piekniekmandjie en kom kuier saam met die kampers!

**Fooie vir Dagbesoekers is R25pp en kinders 0/12 R15pp**. Dis is in kontant betaalbaar by Leandra as jy daar arriveer - bring asseblief die korrekte bedrag geld saam. Gesels gerus met Leandra as jy enige navrae het oor die kamp of wil kom kuier.

## Baie Welkom : Program van die dag

**09:00 Oggenddiens** : Ds Pieter Nel

**10:00 Geloofsvormingsgroepe** in hulle onderskeie lokale

*Deurkollekte: Diens van Barmhartigheid*

## Program vir die Week :

**Dinsdag: 14 Maart**
14:00 Vrouebybelstudie

**Woensdag: 15 Maart**
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

**Vrydag: 17 Maart**
05:15 Mannebediening

**Vrydag tot Sondag**
17 - 19 Maart : Gemeentekamp

Kom geniet gerus Sondae na die erediens 'n lekker koppie koffie in die Voorhuis!

ONTHOU asseblief

Hoogland maak staat op u koffie donasies.

## Hoogland Bedieninge : Geloof deur liefde tot dade

### Wees deel van Hoogland se Erediensbediening:

*Dankoffers opneem tydens die erediens*

Gewillige lidmate word weekliks deur fasiliteitsbestuurder/naweekkoster gekontak om op 'n roterende basis behulpsaam te wees met die opneem van dankoffers tydens eredienste.

*Koffie/tee bediening Sondae*

Sondagoggende is daar 'n span wat op 'n roterende basis in die Voorhuis koffie/tee maak en bedien na afloop van die erediens.

Daar is gewoonlik ongeveer 30 tot 40 lidmate wat weekliks lekker saam kuier ná 'n oggenddiens.

*Gemeentedienste & Verwelkoming by die deure*

Lidmate doen weekliks, op 'n roterende basis, diens by die deure, waar almal hartlik verwelkom word.

Gemeentedienste (in die voorportaal by die hoofingang) dien lidmate en beantwoord navrae.

*Hulp met die bediening van nagmaal*

Vrywilligers bedien die tekens aan die gemeente tydens nagmaal geleenthede. Hulle is hoofsaaklik verantwoordelik vir die uitdeel van wyn en brood.

## Waterkrissis

Gesien in die lig van die kritieke waterkrisis in die streek en ook die burgemeester, Mnr. Retief Odendaal, se uitdaging aan die stad: "*one flush less*", word ons versoek om hande te vat en Hoogland se badkamers slegs in noodgevalle te gebruik asseblief.

Ouers met jong kinders word versoek om asseblief u kind te vergesel na die badkamer en te help toesien dat die water spaarsamig gebruik word.

Dit is Hoogland, as geloofsfamilie, se verantwoordelikheid om elke druppel te tel, want elke druppel tel nou.

## Hoogland KKenK

### Koor, Kos & Kuierfees : 4 & 5 Mei

### KOORFEES : 4 Mei om 18:30

Die kaartjie verkope is oop :

@R60 om in Hoogland se kerkgebou die koorfees by te woon.
@R35 om dit by die huis via "*livestream*" te kyk.

Waar kan ek kaartjies koop?

Daar is SLEGS 28 kaartjies by Leandra in die kerkkantoor te koop anders kan dit aanlyn by Quicket by hierdie skakel gekoop word: https://qkt.io/w4ZylR

Wegneemetes voor Koorfees

Die Donderdagaand sal daar ook heerlike kerrie & rys, boereworsrolle, samoesas en "*jaffels*" in die saal te koop wees tussen 16:00 - 19:00, tesame met 'n snoepie en 'n koffie-kuier-winkel met allerlei lekkerhede.

### KOS- & KUIERFEES : 5 Mei vanaf 16:30

Hande is steeds orals nodig, so kom meld aan. Jy kan help burgers bou, "*jaffels*" maak, kerrie & rys skep, "*chips*" bak, boerewors braai, kinders vermaak of waar ook al. Die KKenK het JOU hande nodig!

Bestanddele lyste is in die vakkies beskikbaar. HELP ASSEBLIEF! Bestanddele kan by Gemeentedienste gelaat word of in die week by die kantoor afgegee word.

Tombola tafel: Onthou asseblief om enige gebruikte, heel én skoon items uit te hou vir die tombola tafel. Speelgoed, boeke, legkaarte en "*soft toys*" is ook welkom.

Vir enige navrae gesels gerus met Annalize & Leon.

## Uit die Hart

IN Jesus Spore… by mense wat sukkel om te glo.

Wat beteken dit as ons sê dat ons glo? Geloof is een van daardie goed wat ek weet wat ek bedoel, maar wanneer ons woorde moet gee dan sukkel ons soms. As gelowiges weet ek *wat* ek glo, maar wat doen ek wanneer ek *glo*?

Dit kan ons help om aan geloof te dink as 'n fiets, 'n geloofsfiets met twee wiele. Ek het beide wiele nodig sodat die fiets kan ry. Die een wiel is kennis en die ander wiel is vertroue. Die kennis-wiel van ons geloofsfiets verteenwoordig die kennis wat ons het oor geloof: wie God, Jesus en Heilige Gees is, wat God deur Jesus Christus gedoen het, dat God ons deur Heilige Gees bemagtig om in Jesus se spore te loop, die skepping, ens. Alles wat ons in Sondagskool (GVG) geleer het en nou nog in God se Woord lees, is kennis wat ons ontvang om die geloofsfiets te ry en balanseer.

Die ander wiel is die vertroue-wiel. Kennis alleen is nog nie geloof nie. Baie mense het in 'n mindere of meerdere mate kennis van die Christelike geloof. Selfs ateïste het soms baie kennis van die Christelike geloof, maar dit maak nog nie dat hulle glo nie. Die tweede wiel van die fiets is ook nodig: dat die kennis wat ek het, waar is. God kan vertrou word en sorg dag na dag vir my as Sy kind. Ek vertrou dat Jesus aan die kruis gesterf het en opgestaan het. Ek glo (kennis + vertroue) dat Heilige Gees ons rig, lei en herskep.

Soms kry ons 'n pap wiel en ons geloofsfiets wil nie lekker ry nie. Ons (ek ver-seker ook) twyfel soms, maar twyfel is nie die teenkant van geloof nie. In die Bybel sien ons dat daar spesiale plekke is vir mense wat sukkel om te glo. Dink maar aan Tomas, Job en selfs met tye lyk dit of die Prediker sukkel om te glo.

Die vraag is: hoe lyk Jesus se spore in ons lewe wanneer die geloofswiele afkom? En dan ook: wat is die spore wat ek kan los in die lewe van mense rondom my, wat sukkel om te glo.

Ds Pieter